# HOOFSTUK 5

## EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die doel van die ondersoek asook die metode waarvolgens te werk gegaan word, beskryf. Die beplanning van die empiriese ondersoek word uiteengesit en toetsmateriaal word sover moontlik omskryf. Die verkryging van 'n persoonlike, asook 'n akademiese beeld van elke geval word toegelig, en laastens word die beoogde musiektera-peutiese werkprogram bespreek.

### 5.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek is om vas te stel wat die waarde van individuele musiekterapie in die vorm van klavieronderrig in standerd een vir onderpresteerders met 'n gemiddelde intelligensie is. Die terapie volg nadat bepaal is watter probleem/probleme die betrokke leerling in sy algemene ontwikkeling strem en die terapie word in ooreenstemming daarmee aangepas.

### 5.3 METODE VAN ONDERSOEK (Gevallestudies)

Nadat onderpresteerders wat oor 'n gemiddelde intelligensie beskik, geselekteer is (par. 5.4.2), is skolastiese, per-septuele, en selfontwerpte toetse afgeneem om te probeer bepaal waar elke individuele leerling se probleem geleë is.

Terselfdertyd is van klasonderwysers 'n skriftelike verslag oor elke leerling se huidige prestasie en algemene gedrag aangevra.

Daarna is 'n terapeutiese program vir elke proefpersoon be-plan om in sy/haar individuele behoeftes, soos uit die

voorafgaande toetse en verslae bepaal, te voorsien. Die program is in die vorm van klavierlesse twee keer per week aangebied. Daar is op twee lesse per week besluit om moontlike foute betyds reg te stel en om kontinuïteit te verseker. Aangesien die leerlinge beswaarlik langer op 'n keer kon konsentreer, is die lestyd tot vyftien minute beperk. Die lesse is oor 'n tydperk van ses maande aangebied.

Na afloop van die aanbieding van die terapeutiese program is die leerlinge se skoolprestasie met die aanvanklike stand daarvan vergelyk en is die toetsbattery herhaal om te bepaal of die leerlinge by die terapie baat gevind het.

## 5.4 BEPLANNING VAN ONDERSOEK

Die keuse van 'n skool word bespreek en die keuse van die spesifieke proefpersone word daarna gemotiveer.

### 5.4.1 KEUSE VAN 'n SKOOL

'n Primêre skool waar die ouers 'n hoë lewenspeil handhaaf, is gekies. Die belangrikste rede hiervoor was dat die meeste ouers, indien hulle nie reeds 'n klavier besit het nie, wel finansieel daartoe in staat was om een aan te skaf. Dit was noodsaaklik dat leerlinge wat die terapieprogram gevolg het tuis hulle oefenwerk op hulle eie klavier kon doen.

### 5.4.2 KEUSE VAN PROEFPERSONE

Op versoek van die hoof het die vier standerd een onderwyseresse die name van leerlinge, wat volgens hulle subjektiewe oordeel en hulle ervaring met die leerlinge tot op daardie stadium onderpresteerders in hulle klasse was, verstrek. Uit die name wat aangemeld is, het die hoof en klasonderwyseresse, na in-ag-neming van hulle intelligensiekwosiënte, nege leerlinge vir die musiekterapeutiese program aanbeveel.

Sewe leerlinge, waaronder vier seuns en drie dogters, het die program voltooi aangesien twee van die leerlinge wat verwys was, die skool net na die aanvang van die terapieprogram verlaat het.

Daar dien op die volgende gelet te word:

Die leerlinge wat vir die program aanbeveel is, is nie vir musiekaanleg getoets nie. Die rede hiervoor is reeds in hoofstuk drie (par. 3.4) verstrek, naamlik dat musiekopvoeders meen dat alle leerlinge oor genoegsame musikale aanleg wat ontwikkel moet word, beskik.

Die leerlinge het nooit voorheen formele klavieronderrig ontvang nie.

Die leerlinge was by geen ander verhelpingsprogram van enige aard tydens hierdie ondersoek betrokke nie.

## 5.5 TOETSMATERIAAL

### 5.5.1 KEUSE VAN TOETSE

Om so 'n volledig moontlike beeld van elke leerling se vermoë te bekom, is op die volgende toetse besluit:

#### 5.5.1.1 Intelligensietoetse

Vir die vasstelling van die verstandsvermoë van elke leerling is hierdie toetse noodsaaklik. Slegs leerlinge met 'n gemiddelde en bo-gemiddelde intelligensie is by die ondersoek betrek, aangesien leerlinge met 'n lae intelligensie vir spesiale onderwys kwalifiseer en nie op remediëring in 'n gewone skool aangewys is nie (Barnard, 1973:2).

Daar is van die volgende toetse gebruik gemaak:

(a) Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets.
(b) Die Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige Navorsing (Fickskaal).

Hierdie toetse word meer volledig in paragraaf 5.5.3.1 bespreek.

5.5.1.2 Skolastiese en perseptuele toetse

Vir die vasstelling van moontlike leerprobleme, asook die spesifieke aard van die probleme wat elke leerling mag ondervind, is die volgende toetse afgeneem:

(a) Ballard se een-minuut optel- en aftreksomme.
(b) Een-minuut leestoets van die Transvaalse Onderwysdepartement.
(c) Speltoets van die Transvaalse Onderwysdepartement.
(d) Wepman se ouditiewe diskriminasietoets.
(e) Frostig se visuele persepsietoets.

In paragraaf 5.5.3.2 word hierdie toetse meer volledig toegelig.

5.5.1.3 Selfontwerpte toetse

Hoewel hierdie toetse as gevolg van ooreenkomste ten opsigte van die inhoudelike, dieselfde resultate as die skolastiese en perseptuele toetse behoort uit te lig, is hierin slegs op vaardighede, wat van 'n leerling vereis word in die bespeling van 'n klavier, gekonsentreer. Die terapeut kon hieruit aflei watter aspekte in die klavieronderrig die betrokke leerling makliker behoort te kon baasraak of waarmee hy/sy moontlik probleme kon ondervind. In die lig hiervan kon die terapieprogram vir elke leerling daarna meer akkuraat beplan en aangebied word.

Die selfontwerpte toetse het dus as die beginpunt van die terapieprogram gedien.

Hierdie toetse word volledig in Bylae C verstrek.

### 5.5.2 AFNEEM VAN TOETSE

Aangesien die resultate van intelligensietoetse net geldig is as dit deur 'n opgeleide toetsafnemer afgeneem is, is hierdie toetse deur 'n skoolsielkundige afgeneem. Ander toetse is deur die ondersoeker afgeneem.

Behalwe die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets, wat in groepsverband afgeneem is, is alle ander toetse individueel afgeneem.

### 5.5.3 BESPREKING VAN TOETSE

#### 5.5.3.1 Intelligensietoetse

'n Intelligensietoets is "'n Gestandaardiseerde toets waarvan die uitslae of tellings 'n aanduiding gee van die toetsling se intellektuele vermoëns. Die take dek 'n wye spektrum en vorm 'n steekproef van kognitiewe take wat algemeen en te verwagte is in enige groot kulturele groep of subgroep", aldus Gouws e.a. (1981:135).

In hierdie ondersoek is van twee soorte intelligensietoetse gebruik gemaak, naamlik die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets en die Individuele Skaal van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige Navorsing (Fickskaal). Daar is van die twee toetse gebruik gemaak omdat een proefpersoon op die dag waarop die groeptoets afgeneem is weens siekte afwesig was en dus individueel getoets moes word.

Genoemde twee intelligensietoetse sal vervolgens bespreek word.

(a) NUWE SUID-AFRIKAANSE GROEPTOETS (N.S.A.G.)

(i) *AGTERGROND EN DOEL*

Die Unie-regering het in 1918 'n Suid-Afrikaanse Navorsingsraad aangestel om alle navorsing in Suid-Afrika aan te moedig (Kruger, 1967:43). Gedurende die twintigerjare is in Suid-Afrika met proefnemings met die oog op intelligensiemeting deur middel van groeptoetse begin. Sommige van hierdie proefnemings is ter wille van die resultate self gedoen, terwyl ander as 'n poging om 'n intelligensietoets vir Suid-Afrikaanse kinders te standaardiseer uitgevoer is. Die navorsing was grootliks op dit wat reeds in Engeland en Amerika in die verband gedoen is, gebaseer (Kruger, 1967:42). In 1925 verskyn van Eybers, verbonde aan die Grey Universiteitskollege, die "Grey Hersiening van die Binet-Terman Intelligensietoetse, geadapteer en voorlopig gestandaardiseer vir die Suid-Afrikaanse kind" (Van der Walt, 1970:34). Die oorspronklike toets is deur Binet in Frans opgestel vir gebruik in Frankryk. Terman het dit vir gebruik in Amerika aangepas en hersien (Coetzee, 1926: 21-23). In 1932 het Wilcocks van Stellenbosch met 'n groeptoets geëksperimenteer (Kruger, 1967:42).

Reeds in 1924 is begin om 'n stel verstandstoetse saam te stel en te standaardiseer vir die Unie van Suid-Afrika. Die resultaat hiervan was die eerste werklike Suid-Afrikaanse Groeptoets en dit het uit sewe subtoetse bestaan waarvan vyf van verbale en slegs twee van nie-verbale aard was. Dié samestelling was nie bevredigend nie. Gedurende 1950 het die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing op aandrang van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging in die plek hiervan die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets ontwikkel. Hierdie toets bestaan uit ses subtoetse: drie verbaal en drie nie-verbaal (Kruger, 1967:43-44). "Die resultaat van die toets word nie bereken volgens die Binet-formule (I.K. = $\frac{V.O.}{C.O.}$ x 100) nie, maar word gerieflikheidshalwe tog intelligensiekwosiënt genoem. Daar word voor-

siening vir drie afsonderlike tellings gemaak: die drie nie-verbale toetse gee 'n nie-verbale telling, die drie verbale toetse gee 'n verbale telling, terwyl die ses subtoetse gesamentlik 'n totaaltelling gee" (Kruger, 1967:45). Die doel van die totaaltelling is om as 'n aanduiding te dien van die algemene peil van 'n persoon se intelligensie, terwyl die nie-verbale en verbale tellings aantoon of 'n persoon oor 'n spesifieke of gebrekkige aanleg in taalkundige of nie-taalkundige rigting beskik. Hierdie toets is in 1957 hersien (Kruger, 1967:43-46).

(ii) *BESKRYWING*

Soos reeds genoem bestaan die toets uit ses subtoetse. "Elke subtoets bevat dertig items, waarvan die eerste vyf vir 'n vooroefening gebruik word. Al die items is van die veelkeusige soort. Die proefpersoon moet aandui watter van die vyf moontlike antwoorde wat verstrek word, die regte een is" (Handleiding, Junior- en Senior Reeks, 1965:2).

Nie-verbale subtoetse bestaan uit:

Toets 1 : Getallerye
Toets 3 : Figuuranalogieë
Toets 5 : Patroonvoltooiing

Verbale subtoetse is:

Toets 2 : Klassifikasie van woordpare
Toets 4 : Verbale redenering
Toets 6 : Woordanalogieë

Die puntetellings van toetse 1, 3 en 5 word bymekaargetel vir die bepaling van die nie-verbale puntetelling, terwyl toetse 2, 4 en 6 die verbale puntetelling verskaf. Die ses subtoetse gee gesamentlik die totale puntetelling (Handleiding, Junior- en Senior Reeks, 1965:2).

(iii) *BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID*

Die N.S.A.G., hersiene uitgawe van 1957, is in die navorsing as meetinstrument gebruik omdat dit deur verskeie ondersoekers as betroubaar bewys is. Van der Westhuizen (1979:79) wys daarop dat tydens die standaardisering van die toets en verskeie kere daarna byvoorbeeld by drie verskillende toepassings betroubaarheidskoëffisiënte van 0,86; 0,87 en 0,83 op die totaaltelling met die gebruik daarvan verkry is.

Die geldigheid van die N.S.A.G. word in die Handleiding (Junior en Senior Reeks 1965:23) waar korrelasies daarvan met skolastiese toetse aangetoon word, bevestig.

Indien bogenoemde in ag geneem word, is dit duidelik waarom op hierdie groepintelligensietoets vir die bepaling van die intelligensie van die proefpersone in hierdie ondersoek besluit is.

(b) DIE INDIVIDUELE SKAAL VAN DIE NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING (Fickskaal)

(i) *AGTERGROND*

Fick het in 1927 'n skaal onder die naam "Official Mental Hygiene Individual Scale" vir die identifisering van vertraagde kinders in Suid-Afrika opgestel. In 1939 verskyn 'n hersiene uitgawe daarvan, naamlik die Individuele Skaal van Fick, wat uitgegee is deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Die tekortkominge van die vorige skaal is hierin verbeter. Hierdie skaal is hoofsaaklik op die Binet-Simonskaal gebaseer (Van der Walt, 1970:34). Die Fickskaal was baie jare die enigste individuele intelligensieskaal in Suid-Afrika (Van der Westhuizen, 1979:63).

(ii) *DOEL*

Hierdie skaal word tans onder andere deur skoolsielkundiges vir die identifisering van verstandelik gestremde leerlinge gebruik met die oog op hulle moontlike verwysing vir buitengewone/spesiale onderwys (Van der Westhuizen, 1979:67).

(iii) *BESKRYWING*

Die toets bestaan uit drie-en-negentig toetsitems, wat ingedeel is in afsonderlike jaargroepe vanaf drie tot twintig jaar. Elke jaargroep se toetsitems is toenemend meer ingewikkeld, met die doel om die verstandsouderdom van die leerling wat getoets word, vas te stel.

Vir jaar drie en vier is daar byvoorbeeld ses items elk en vir jaar vyf en ses agt items elk, wat hoofsaaklik 'n uitbreiding van die inhoud van die vorige twee jaargroepe is. Elke daaropvolgende jaar se items is geleidelik meer ingewikkeld.

As voorbeeld word jaar drie se items omskryf:

Item 1: Aanwys van sekere liggaamsdele wat aan die leerling gevra word.

Item 2: Twee getalle word na mekaar gelees, wat die leerling daarna hardop moet herhaal.

Item 3: Die leerling moet kan sê of hy/sy manlik of vroulik is.

Item 4: Die leerling moet sy eie naam verstrek.

Item 5: Die leerling moet in sy eie woorde 'n reeks alledaagse gebruiksartikels soos byvoorbeeld 'n potlood wat aan hom gewys word, kan beskryf.

Item 6: Die leerling moet in sy eie woorde sê wat hy herken op 'n prent wat aan hom gewys word (Fick, 1939:40-50).

(iv) *BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID*

Die Fickskaal bied slegs een totale telling waarvolgens die intelligensiekwosiënt bepaal word.

Hierdie toets meet hoofsaaklik die verbale vermoë van 'n leerling, wat die gevaar inhou dat 'n leerling wat probleme ten opsigte hiervan ervaar die indruk van verstandelike gestremdheid skep (Van der Westhuizen, 1979:67).

Daar is egter ten spyte van moontlike gebreke wel van hierdie toets in die geval van Proefpersoon B gebruik gemaak, aangesien dit die toetsafnemer se enigste beskikbare individuele toets was (vgl. par. 5.5.3.1).

5.5.3.2 Skolastiese en perseptuele toetse

Die doel met die afneem van hierdie toetse is om vas te stel in watter vakgebied die individuele leerlinge probleme ondervind.

In hierdie ondersoek word van die volgende toetse gebruik gemaak:

(a) BALLARD SE EEN-MINUUT OPTEL- EN AFTREKSOMME

Uit die resultate van die Een-minuut optel- en aftreksomme van Ballard, behoort dit vasgestel te kan word of die leerlinge oor die rekenvaardigheid ten opsigte van optel en aftrek wat van 'n spesifieke ouderdomsgroep verwag word, beskik. Die subtoetse bestaan uit twee reekse van dertig optel- en dertig aftreksomme. Hierdie subtoetse is voorsien van 'n tabel, waarin die gemiddelde telling, asook die minimum telling vir elke ouderdomsgroep aangedui word (Westwood, 1975:177). Indien 'n leerling die minimum telling of minder in 'n spesifieke subtoets behaal, kan hieruit afgelei word dat die leerling probleme ten opsigte van 'n bepaalde rekenvaardigheid ondervind.

(b) EEN-MINUUT LEESTOETS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYS-DEPARTEMENT

Hierdie leestoets is 'n individuele een-minuut spoedtoets waarin die leerling probeer om soveel moontlik woorde hardop van 'n toetsvel waarop honderd-en-sestig geselekteerde losstaande woorde verskyn, af te lees. Die doel van die toets is om die meganiese leesvaardighede van leesspoed, woordherkenning en korrekte uitspraak te meet. Woorde wat verkeerd uitgespreek word of nie aangedurf word nie, word vir 'n foutanalise aan die einde gemerk (Herselman, 1981:137).

(c) SPELTOETS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

Die speltoets bestaan uit 'n lys van honderd-en-tien woorde waarvan die moeilikheidsgraad geleidelik verhoog. Die eerste aantal woorde bestaan uit een lettergreep en dit brei uit na woorde wat tot vyf lettergrepe bevat. Die toetsafnemer lees die woorde agtermekaar voor totdat die proefpersoon tien woorde agtereenvolgens verkeerd neerskryf. Die toets is voorsien van 'n skaal waarop gemiddeldes vir die betrokke standerd en ouderdomsgroep aangedui word. Uit die toets kan dus afgelei word of die leerling se spelling remediëring nodig het.

(d) WEPMAN SE OUDITIEWE DISKRIMINASIETOETS

Die ouditiewe diskriminasietoets bestaan uit sestig woordpare wat individueel aan 'n proefpersoon voorgelees word. Die proefpersoon moet bloot deur net daarna te luister meld of die woorde dieselfde of anders geklink het. Uit antwoorde kan afgelei word of die proefpersone ouditief voldoende kan diskrimineer en dit is ook moontlik om vas te stel of probleme met die aanvang, die middel of die slot van woorde ondervind word.

(e) FROSTIG SE VISUELE PERSEPSIETOETS

Die visuele persepsietoets bestaan uit vyf subtoetse rakende oog-handkoördinasie, voorgrond-agtergrondonderskeiding, vormwaarneming, vasstelling van posisie in die ruimte en die verhouding van voorwerpe tot mekaar in die ruimte. Gebreke wat hierdeur aan die lig mag kom, kan die oorsaak van swak skrif, spelling, lees en rekenvaardigheid wees.

Aangesien hierdie toetse gestandaardiseerde toetse is, word die resultate daarvan as betroubaar en geldig beskou. Hierdie toetse is ten aanvang van die ondersoek afgeneem. Na afloop van die terapiegrogram is dieselfde toetse herhaal en kon vasgestel word of die leerlinge by die terapieprogram baat gevind het.

5.5.3.3 Selfontwerpte toetse

(Kyk Bylae C)

Die materiaal wat vir die toetse gebruik is, word hoofsaaklik in die werk van Grové en Hauptfleisch (1979) gevind. In enkele gevalle word toevoegings ten opsigte van vereistes wat met betrekking tot musiek gestel word, gemaak.

Die doel van die toetse is om vas te stel of die leerlinge oor vaardighede, wat vereis word vir klavieronderrig, beskik. Ontbrekende vaardighede of swak ontwikkelde vaardighede word hierdeur aan die lig gebring en dit behoort juis as aanknopingspunt vir die terapieprogram te dien.

Die toetse dek die volgende aspekte: leesvermoë, spelling, rekenvaardigheid, ouditiewe diskriminasie en ouditiewe geheue, visuele diskriminasie en visuele geheue, opeenvolging van klanke en letters, ouditiewe en visuele analise en sin-

tese, voorgrond-agtergrondonderskeiding, kleuronderskeiding en skrif.

Die toetse is individueel afgeneem en bevindinge is op 'n verslagkaart (kyk Bylae C) neergeskryf. 'n Soortgelyke verslagkaart is aan die einde van die terapiegprogram voltooi vir die tref van 'n vergelyking van die toetsresultate.

Aangesien die toetse 'n hele aantal noodsaaklike vaardighede meet, kan aan die hand hiervan probleme ontdek word. Hoewel dit nie gestandaardiseerde toetse is nie, kan gegewens wat deur middel van die toetsing aan die lig kom, vir die terapeut van groot waarde wees.

## 5.6 VERKRYGING VAN 'n PERSOONLIKE BEELD VAN ELKE PROEFPERSOON

### 5.6.1 HISTORISITEITSBEELD

'n Historisiteitsbeeld is deur middel van die volgende verkry:

#### 5.6.1.1 Gegewens vanaf kumulatiewe verslagkaarte (Kyk Bylae B)

Aangesien gegewens op kumulatiewe verslagkaarte as vertroulik beskou word en hierdie kaarte daarom nie uit die skool verwyder mag word nie, is 'n vorm met toestemming van die skoolhoof deur die ondersoeker saamgestel, waarop nodige inligting uit die kaarte aangebring is.

Die inligting handel oor beroepe van ouers, die ouers se finansiële posisie, of daar stiefouers betrokke is en wat die algemene toestand tuis is.

### 5.6.1.2 Vraelys aan onderwysers van die proefpersone (Kyk Bylae B)

Op hierdie vraelys is onderwysers versoek om benewens punte vir skrif, Wiskunde, Afrikaans en Engels, gegewens ten opsigte van die proefpersone se persoonlikheid en aanpasbaarheid in skoolverband te verstrek.

### 5.6.2 AKADEMIESE BEELD (Kyk Bylae B)

'n Skriftelike verslag van die proefpersone se leerprobleme is van die onderwyseresse aangevra, waarin hulle ook moes meld waaraan hulle meen die proefpersone se probleme te wyte is.

Die punteboeke van die betrokke onderwyseresse is deur die ondersoeker nagegaan om die vakpunte van die proefpersone asook die klasgemiddeldes aan die begin van die program neer te skryf, om daardeur te bepaal hoe die proefpersoon se prestasie met dié van die res van die klas vergelyk.

Uit alle inligting verkry uit bronne soos uiteengesit, is 'n beeld van elke proefpersoon se probleem gevorm en is besluit wat in die aanbieding van die terapieprogram uitgelig moes word.

## 5.7 BEOOGDE MUSIEKTERAPEUTIESE WERKPROGRAM

### 5.7.1 INLEIDING

'n Werkboek (kyk Bylae A) is uit bronne verteenwoordigend van verksillende aanvangsonderrigmetodes vir klavier saamgestel. Die werkboek bevat gegewens ten opsigte van musieknotasie, vingeroefeninge, musiekstukke en musiekspeletjies.

Elke proefpersoon het 'n kopie van die werkboek ontvang. Hoewel dieselfde werkboek aan al die proefpersone gegee

is, is individuele aanpassings na aanleiding van elke proefpersoon se behoeftes (vgl. par. 5.6) deur 'n klemverskuiwing tydens die aanbieding van die lesse bewerkstellig.

### 5.7.2 WERKBOEKMOONTLIKHEDE

#### 5.7.2.1 Aanknopingspunt

Op die buiteblad van die werkboek verskyn 'n afbeelding van 'n karakter uit 'n gewilde kindertelevisieprogram wat tydens die terapieprogram se aanbieding vertoon is en waarin van musiek gebruik gemaak is. Die doel daarvan is om 'n aanknopingspunt vir die lesse te skep en die boek vir die kinders aantreklik te maak.

#### 5.7.2.2 Fyn spierkoördinasie

Om skrif te verbeter is die ontwikkeling van fyn spierkoördinasie onontbeerlik (vgl. par. 2.5.4).

Die kwaliteit van die aanslag van die leerling op die klavier berus op die mate van spierbeheer en spierkoördinasie waaroor die leerling beskik. Tydens die aanbieding van die terapieprogram moet dit altyd nagestreef word om die aanslag van albei hande so egalig moontlik te kry. Al die vingers van elke hand moet ewe hard of ewe sag kan speel. 'n Reeks vingeroefeninge word vanaf bladsye agtien tot twee-en-twintig van die werkboek verskaf. Hierdie oefeninge bied die moontlikheid om die spiere van die linker- en regterhand afsonderlik te oefen en elke vinger individueel te leer beheer en gebruik. Sodra leerlinge dit bemeester het, kan die twee hande gelyktydig gebruik word. Namate hulle dit regkry, kan vinniger of harder en sagter gespeel word vir verbeterde spierbeheer en -koördinasie.

Op die eerste bladsy van die werkboek is 'n inkleurprent wat leerlinge moet inkleur. Hieruit kan afgelei word hoe vaardig hulle hiermee ten aanvang van die terapieprogram is.

Heelwat later in die program, op bladsy sewe-en-twintig van die werkboek, is weer 'n inkleurprent wat voltooi moet word. Deur die twee ingekleurde prente te vergelyk kan vasgestel word of die fyn spierkoördinasie van die leerlinge sigbaar tydens die program verbeter het.

Alle musiekspeletjies in die werkboek word ingevul en dit verseker dat die leerling skryfoefening ten opsigte van letters en syfers kry.

5.7.2.3 Oog-handkoördinasie

Soos in paragraaf 2.4.2.6 bespreek, is oog-handkoördinasie 'n belangrike voorvereiste vir gepaste skoolvordering. Oefening in oog-handkoördinasie word in die program waar die proefpersone die musieknotasie met die oë lees en dit terselfdertyd met die hande uitvoer, gebied.

5.7.2.4 Links-regsoriëntasie

Ter verbetering van ruimtelike oriëntasieprobleme is die inskerping van die begrippe links en regs noodsaaklik (vgl. par. 2.4.2.7).

Ten aanvang van die lesse word die leerling die geleentheid gebied om sy linker- en regterhand goed van mekaar te leer onderskei. Op die tweede bladsy van die werkboek word 'n afbeelding van die twee hande, soos van bo gesien, gegee. Die leerling word ook versoek om sy eie hande op los velle papier, wat die terapeut voorsien, af te teken en die vingers in ooreenstemming met die afbeelding in die werkboek te leer nommer. Gedurende die verloop van die volgende lesse word die leerling dikwels versoek om sy linkerhand of regterhand asook spesifieke vingers volgens die nommers wat daaraan toegeken is, aan te toon. Sodra die leerling dit gesnap het en dit reg onthou, kan met die program voortgegaan word.

Visuele simbole - sleutels - wat die gebruik van die linkerhand en die regterhand onderskei, word op bladsy ses van die werkboek aangedui. Die aanleer en gebruik hiervan behoort die begrippe links en regs verder te verstewig.

5.7.2.5 Leesoefening

Soos by die alledaagse leeshandeling word geskrewe musiek ook van links na regs gelees. Eers word kort vingeroefeninge en later langer musiekstukke van links na regs gelees, terwyl dit uitgevoer word.

5.7.2.6 Visuele diskriminasie en visuele geheue

Soos in paragraaf 2.4.2.2 en paragraaf 2.4.2.3 gemeld, moet leerlinge in staat wees om visueel te onderskei en te onthou om suksesvol met alle skoolwerk te kan vorder.

Die waardes van note en ooreenstemmende rustekens word in die program deur verskillende visuele simbole aangedui. Leerlinge moet ten einde hierdie simbole te kan gebruik, hulle van mekaar kan onderskei en onthou.

Musieknotasie word gelyktydig oor twee musiekbalke geskryf, wat deur leerlinge geïndentifiseer moet word om die musiek op die klavier te kan uitvoer.

Musiekspeletjies berus in 'n baie groot mate op visuele geheue, want by elke speletjie moet die leerlinge iets wat hulle reeds geleer het, invul.

5.7.2.7 Ouditiewe diskriminasie en ouditiewe geheue

Ouditiewe diskriminasie en ouditiewe geheue is belangrik om te kan skryf en te kan spel (vgl. par. 2.4.2.4-2.4.2.5).

Konsentrasie op die lengte van die verskillende nootwaardes en die nasê daarvan in Franse tydname behoort leerlinge aan te moedig om alle klanke fyner te leer onderskei.

Dieselfde geld vir die toonhoogtes wat van mekaar onderskei moet kan word.

5.7.2.8 Posisie in die ruimte

In geskrewe musiek word bepaalde toonhoogtes op spesifieke plekke op die notebalke aangedui. Oefening om hierdie toonhoogtes te vind en op die klavier te speel help leerlinge om ŉ posisie in die ruimte te bepaal (vgl. par. 2.4.2.7).

5.7.2.9 Opeenvolging van klanke

Met die oog op spelling en lees is die opeenvolging van klanke belangrik (vgl. par. 2.5.2-2.5.3).

Die musiekalfabet bestaande uit die eerste sewe letters van die alfabet, naamlik A B C D E F G, word aangeleer en in die uitvoering van musiek moet die leerlinge dit korrek kan weergee.

5.7.2.10 Voorgrond-agtergrondonderskeiding

Tydens die lesaanbieding sien leerlinge die hele bladsy waarop die musiek gedruk is, maar aandag moet slegs by dit wat op die oomblik uitgevoer word, bepaal word. Dit stel hulle in staat om voorwerpe en geluide in hulle onmiddellike omgewing sinvol te onderskei en daardeur volle nut uit alle leerstof wat aangebied word, te put (vgl. par. 2.4.2.8).

### 5.7.2.11 Rekenvaardigheid

Musiekspeletjies waar nootwaardes bereken en ontbrekende nootwaardes ingevul word, bied goeie oefening in rekenvaardigheid (vgl. par. 2.5.5).

### 5.7.2.12 Spelling

Musiekspeletjies, byvoorbeeld die invuloefening op bladsy sewentien van die werkboek waar letters ingevul word, vereis dat leerlinge op die korrekte spelling van woorde konsentreer.

Die feit dat leerlinge in die program baie oefening ten opsigte van ouditiewe diskriminasie kry, soos byvoorbeeld in die gehoortoetse, behoort te help dat fyner na woorduitspraak geluister word. Dit behoort beter spelling tot gevolg te hê (vgl. par. 2.5.3).

### 5.7.2.13 Aandagskonsentrasie en deursettingsvermoë

Leerlinge is gewoonlik gretig om te leer klavierspeel. Sodra iets bemeester word, verskaf dit motivering om daarop te probeer voortbou en meer te kan regkry. Hierdie proses vereis konsentrasie en verbeter deursettingsvermoë (vgl. par. 2.4.2.12).

### 5.7.2.14 Musikale ontwikkeling

Hoewel hierdie benadering van die gewone musiekaanbieding verskil, word deurgaans gepoog om die leerlinge se musikale aanleg te ontwikkel. Die ideaal wat nagestreef behoort te word, is dat leerlinge na die terapieprogram met klavierlesse sal voortgaan.

5.7.2.15 Sukses en selfbeeld

Die program is daarop ingestel om die leerlinge sukses te laat ervaar wat hulle selfbeeld positief behoort te beïnvloed.

5.7.3 TERAPIE-AANBIEDING

* Sorg is gedra dat die leerlinge elke oefening bemeester het, voordat 'n volgende aangedurf is.

* Daar is nie onnodig gepraat nie en instruksies is duidelik gegee (Graham en Beer, 1980:49).

* Aktiwiteite is tydens die verloop van die les afgewissel, sodat die leerlinge nie verveeld kon raak en belangstelling in die werk verloor nie.

* Leerlinge is gedurig aangemoedig.

* Ruim erkenning is aan elke poging van die leerlinge se vordering gegee sodat hulle sukses kon ervaar.

* 'n Werkstempo wat elke individuele leerling kon byhou, is gehandhaaf.

* Aanvullende gehoortoetse, soos in hoofstuk drie beskryf, is gedoen.

* Vergrote plastiek notebalke met gekleurde plastiekskyfies is vir die aanleer van die nootname gebruik. Die hantering daarvan is terselfdertyd bevorderlik vir fyn spierbeheer. Die notebalke is agt-en-twintig sentimeter lank en die vyf lyne is elk twee sentimeter van mekaar. Die skyfies is een en 'n halwe sentimeter in deursnee. Rooi skyfies is vir die linkerhand en swart skyfies vir die regterhand gebruik. Aangesien daar nie sleuteltekens was nie, is leerlinge gedurig daaraan herinner met watter hand se notebalk hulle besig was.

* Toonhoogtes is met handhoogtes aangedui, voordat nuwe vingeroefeninge en klavierstukke gespeel is. Dit het die leerlinge gehelp om die toonhoogtes in die musieknotasie beter te begryp en te interpreteer.

* Terwyl die lesse aan 'n regshandige leerling gegee is, is meer aandag aan oefeninge met die linkerhand en andersom gegee, sodat albei hande se vingers ewe goed geoefen kon word (vgl. par. 2.4.2.11).

* Sorg is gedra dat die musiek/klanke wat die leerlinge voortbring, korrek en aanvaarbaar is. Leerlinge is deurgaans aangemoedig om te luister na dit wat hulle speel (vgl. par. 2.4.2.4-2.4.2.5).

* Leerlinge is daarop gewys dat daar geen sprake van kompetisie met die ander leerlinge bestaan nie.

* Daar is gepoog om 'n goeie verhouding met elke proefpersoon te handhaaf en kontak is met die ouers van die leerlinge behou. Ouers is versoek om enige probleme wat tuis mag opduik, vir opvolging aan te meld.

* Sorg is gedra dat lesse gereeld bygewoon is.

* Daar is skriftelik van elke les verslag gehou.

* Huiswerk is gereeld met die oog op kontroledoeleindes aangeteken.

## 5.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel van die ondersoek verstrek en die metode waarvolgens te werk gegaan is uiteengesit.

Die beplanning van die ondersoek is gemotiveer deur die keuse van die skool en die spesifieke proefpersone te omskryf.

Daarna is die toetse wat gebruik is, naamlik intelligensie-toetse, skolastiese toetse, perseptuele toetse, asook die selfontwerpte toetse bespreek. In die geval van elke soort meetmiddel is vermeld wie dit afgeneem het en of dit individueel of in groepsverband plaasgevind het.

Die werkswyse ter verkryging van 'n historisiteitsbeeld en 'n akademiese beeld van elke leerling is toegelig en ten slotte is die beoogde werksprogram met moontlike voordele bespreek.

In hoofstuk ses sal die verloop van die terapieprogram sowel as die resultate van die ondersoek uiteengesit word.